

## **VLAKGEBASEERDE VERKIESINGSTELSEL**

**Die Vlakgebaseerde Verkiesingstelsel (VV)** kies die bewaarders van bestuur op 'n vlak by vlak basis. Die burgers kies hul buurtverteenvoordiger op die eerste vlak. Die buurtverteenvoordigers verkies die distriksverteenvoordiger op die tweede vlak. Die distriksverteenvoordigers verkies die verteenwoordigers van die volgende vlak. Hierdie proses duur voort, tot die finale vlak van die regering "Staat Federale Verteenwoordiger" (Staatshoof) gekies is. Die aantal vlakke sal afhang van hoe elke jurisdiksie wil "selfregeer".

Elke vlak bied 'n belangrike kommunikasie skakel na die onderstaande vlak en die vlak bokant hom. Enige burger kan 'n vraag, voorstel, insig, perspektief of idee verskaf wat dan via die verskillende verteenwoordigers die hoogste vlakke kan bereik.

Die uiteindelijke verantwoordelikheid, gesag en besluitneming rus met die hoogste gesagsvlak. Hierdie vlak kan egter sommige van sy verantwoordelikhede aan die laer vlakke delegeer, of dit kan beheer oor sekere aspekte van bestuur behou indien as dit beskou word as die beste oplossing.

Op die selfde manier mag intermediêre vlakke sommige aspekte van die beheer wat aan hulle toegestaan is, delegeer vanaf 'n hoër vlak tot 'n laer vlak.

## **DIE WYK**

Die grondslag van die VV is die wyk. Burgers wat naby mekaar in dieselfde area woon, vorm 'n verkiesingswyk. Anders as kontemporêre kiesdistrikte van die Westerse demokratiese model, waar die meeste mense min weet oor hul verkose verteenwoordigers, word hierdie wyke gevorm deur 25 tot 250 mense en skep hulle 'n omgewing waarin burgers die geleentheid het om 'n soort gemeenskap te bou.

Elke jaar vergader die burgers in hulle wyke, om hul wyksverteenvoordiger te kies. Alle burgers kom in aanmerking vir verkiesing, en daar is geen nominasies of promosieveldtogte nie. Vóór die stemming word die burgers herinner om te stem vir die individu in hul wyk, wat die beste karakter uitbeeld en die beste kapasiteit vir bestuur aan die dag lê.

Stemming word deur geheime stembriefies gedoen, waarin elke burger die naam van die persoon van hul keuse merk. Stemme word getel, en die individu met die meeste stemme

word die wykverteenwoordiger vir die jaar.

## **Pligte van die Wykverteenwoordiger**

Die wykverteenwoordiger dra die idees en bekommernisse van die wyk aan die hoër vlakke van die regering op. Die wykverteenwoordiger, dra ook die bekommernisse en idees van die hoër vlakke van die regering oor aan sy wyk.

Hy of sy kan formele vergaderings hou of deur middel van een-tot-een gesprekke met die wykbewoners kommunikeer. Nog 'n verantwoordelikheid van die wykverteenwoordiger is om saam te werk met ander wykverteenwoordigers in dieselfde distrik, verteenwoordigers van hoër vlakke van die regering, burgerlike owerhede en leiers van burgergroepe om probleme op te los binne die gemeenskap.

Die laaste verantwoordelikheid van die wykverteenwoordiger is die verkiesing van die distriksverteenwoordiger op die volgende vlak van regering.

## **DIE DISTRIK**

Die volgende vlak van die VV word genoem, die "distrik." Elke distrik sal bestaan uit drie tot twintig wyke. In die distrik, sal die wykverteenwoordigers saamwerk om verskeie bestuursaspekte binne die distrik op te los, sowel as om die kwessies van bestuur te besleg,

Die wykverteenwoordigers sal ook mekaar se karakters leer ken, en hoe hulle op die gebied van bestuur optree.

Elke jaar vergader die wykverteenwoordigers in elke distrik om hulle distriksverteenwoordiger te kies. Slegs wykverteenwoordigers kwalifiseer om in hierdie verkiesing te stem. Hierdie verkiesing, is soortgelyk aan die wyksverkiesings van die omgewing; dus word daar geen nominasies gedoen of veldtogte geloods nie, en die stemming berus op die kandidaat se goeie karakter en kapasiteit vir bestuur.

Die individu met die meeste stemme word die distriksverteenwoordiger vir die jaar. Verkiesings van die wyk- en distriksverteenwoordigers moet ses maandeliks hersien word, wat die wykverteenwoordigers die geleentheid bied om saam te werk, en te sien hoe elkeen in beheer optree, wanneer hy/sy die geleentheid gebied word.

## **Pligte van die Distriksverteenwoordiger**

Die pligte van 'n distriksverteenwoordiger sal meer bestuur behels, as betrokkenheid by die buurt. Daar sal meer vergaderings met die omgewing se verteenwoordigers wees, asook besprekings geskeduleer met van die hoër vlakke van regering, staatsampnare en burgersegroep om problematiese areas van bestuur op te los. Hoër vlakke van bestuur kan spesifieke pligte aan die distriksverteenwoordigers toeken; distriksverteenwoordigers mag ook spesifieke pligte aan wyksverteenwoordigers toewys.

Die distriksverteenwoordigers sal die primêre kanaal van kommunikasie wees tussen die hoër vlakke van regering en die wyk. Die hoër vlakke kan ook diskresionêre gesag aan die distriksverteenwoordiger toewys, waarin hy (die distriksverteenwoordiger), 'n besluitnemer word oor sekere fasette.

'n Aantal distrikte sal die kiesersarea vir die volgende vlak uitmaak. Eenmaal per jaar, sal die distriksverteenwoordigers 'n individu kies vir die volgende vlak van bestuur, naamlik 'n staats federale verteenwoordiger.

## **STAATS FEDERALE VERTEENWOORDIGER**

Die volgende vlak van die VV word die "Federale Verteenwoordiger" genoem. Elke staats federale verteenwoordiger, verteenwoordig sy staat op nasionale vlak.

## **DIE VV VERKIESINGSPROSES**

Agter die redelike eenvoudige verduideliking en voorbeeld van hoe 'n VV opgebou word, lê daar belangrike konsepte wat 'n dieper ondersoek verdien. Kom ons beskou dit van nader.

**Alle burgers in elke wyk is verkiesbaar.** Die VV verwyder die heinings van partypolitiek om publieke ampe te beklee. Alle burgers is, effektief kandidate om in die pos van wykverteenwoordiger te dien.

**Burgers... stem vir die individueel in hulle wyk wat die beste voorbeeld toon van 'n goeie karakter asook die bekwaamheid om te bestuur.** Burgers stem vir mense wie hulle ken, hulle bure. Bure het gewoonlik 'n baie goeie idee wie hulle bure is wat goeie karaktereenskappe soos eerlikheid, betroubaarheid, empatie, takt en ander prysenswaardige eienskappe toon. Bure weet ook watter bure meer gemeenskapsgeorieerd is, wie vatbaar is vir nuwe idees en wie vaardigheid toon in

samewerking. In opsomming, bure kan redelike intelligente besluite maak oor die mense vir wie hulle sal stem.

**Daar is geen nominasies nie...** Elke burger se stem moet onbeïnvloed wees deur wat ander burgers dink. Elke burger moet sy/haar stem baseer op wat hy/sy self ondervind en gesien het van burgers met wie hy/sy te doene gekry het. Deur hierdie sisteem word elke burger individueel geanaliseer deur sy mede burgers, en die wat die graad haal, is werklik goedgekeur deur mede burgers omrede hulle goeie karakter en kapasiteit vir bestuur vanuit baie verskillende perspektiewe.

**Daar is geen nominasies of promosieveldtogte nie.** Mense wat mekaar redelik ken, het min of geen rede om op promosieveldtogte staat te maak om te besluit wie die beste geskik is vir 'n publieke amp nie. Om die waarheid te se, 'n burger wat homself bemoei met selfadvertensie, moet dalk beskou word as iemand wat 'n bietjie 'te graag' die pos wil beklee...en moet dalk juis daarvoor geïgnoreer word by die stembus.

**Elke jaar, verkies burgers hulle wyksverteenvoerders.** Die eerste doel van jaarlikse verkiesings, is om die wyksverteenvoerders verantwoordelik en aanspreeklik te hou vir sy wyk. Die burgers in 'n VV het altyd 'n eerstepandse ondervinding met betrekking tot hoe goed en getrou of hoe sleg en laks 'n wykverteenvoerders sy pligte sal uitvoer, en as 'n ander burger beter blyk te wees vir die pos, kan die vorige verteenwoordiger uitgestem word in die volgende verkiesing. Die wyk hoef nie die las te dra van 'n onbekwame wyksverteenvoerders vir baie lank nie.

Die tweede doel vir jaarlikse verkiesings, is om gemeenskappe 'n meer deurlopende en tog meer verfrissende vorm van regering te laat ervaar. Die verkiesings in 'n volwasse VV, sal moontlik die meeste van sy opgehoopde kennis, ervaring en wysheid behou, en bevoegde publieke dienaars kan herverkies word vir baie jare. Maar daar sal genoeg nuwe bloed bykom in die area van publieke ampsdraers wat wyke sal bedien, om nuwe idees en entoesiasme aan te vuur. Elke jaarlikse verkiesing behou die beste van die 'ou bloed' en voeg 'nuwe bloed' by om die wyk dinamies te hou. Daar sal geen opofferings gemaak hoef te word in die area van ondervinding om die lewensvatbaarheid van 'n volwasse VV te verseker nie.

**Stemming word gedoen deur 'n geheime stembrief.** In 'n VV-verkiesing, plaas elke burger sy keuse ongehinderd deur wat ander mense mag dink van daardie keuse. Die geheime stembrief maak seker dat geen burger ge-oordeel kan word oor die keuses wat hy/sy gemaak het nie.

**Die geleentheid om saam te werk en te sien hoe elkeen vaar in bestuur.** Met die VV,

word bevordering gebaseer op hoe goed individue met hulle kollegas saamgewerk het, nie oor hoe goed hulle hulleself kon adverteer, of wie hulle kon bevriend om invloed te bekom nie.

## **DIE GELOOFWAARDIGHEID VAN DIE VERTEENWOORDIGER**

Op enige vlak het die posisie van VV verteenwoordiger groot geloofwaardigheid. 'n Wykverteenwoordiger is iemand wat die vertroue van sy/haar wyk bekom het deur bure en ander burgers wat hom/haar redelik goed ken. Mense wat die eerstemaal 'n wykverteenwoordiger ontmoet, kan met sekerheid aanvaar dat hierdie persoon iemand van integriteit is en wat redelike bestuurskapasiteit besit. Net so verdien 'n distriksverteenwoordiger sy/haar kredietwaardigheid deur die vertroue wat hy/sy verwerf het deur die manier waarop hy/sy met ander verteenwoordigers saamgewerk het.

Die burgers wat die hoogste vlakke bereik, het feitlik (alhoewel informeel) streng karakter, integriteit, en bevoegdheidstoetse geslaag op elke vlak en in vele omstandighede. Die hoër die vlak, en hoe langer 'n burger bly herverkies word in die VV, hoe groter die vertroue wat die algemene publiek in hierdie individueel kan plaas om die gemeenskap goed te dien.

In kort, die posisie van 'n VV verteenwoordiger het geloofwaardigheid op sigself, ongeag wie die posisie beklee. Deur die wete dat verkose lede van 'n VV geloofwaardige mense is, word die hele regeringsstelsel geloofwaardig. Algemene burgers sal meer daartoe geneig wees om besluite geneem deur so 'n stelsel te respekteer en aanvaar, selfs al blyk dit dat sulke besluite voorkom asof dit die gemeenskap op die korttermyn negatief beïnvloed. Met hierdie soort kredietwaardigheid, sal regeringsbesluite makliker geïmplementeer, gemonitor en verander word indien nodig.

## **OPSIES VIR DIE VV (Vlakgebaseerde Verkiesingstelsel)**

Ek het opsetlik baie besonderhede uitgelaat oor die opstel van 'n Vlakgebaseerde Verkiesingstelsel. Daar is 'n goeie rede hiervoor: elke jurisdiksie sal 'n verskillende VV-struktuur benodig om die beste vorm van implementasie van 'n VV-struktuur in daardie jurisdiksie te bewerkstellig.

Dit maak sin dat 'n landelike Russiese gemeenskap beter bestuur sal kan word as 'n Amerikaanse Stad, of 'n Afrikanasie met twintig verskillende kulture. Dit mag ook wees dat twee enerse jurisdiksies verskillend mag evolueer, elk met 'n verskillende, en tog effektiewe, vorm van 'n VV-struktuur. Dit maak sin dat elke jurisdiksie sy eie VV-stelsel ontwerp.

Hier volg 'n lys van sommige van die opsies vir 'n selfontwerpde VV-stelsel:

## **Aantal Vlakke**

'n klein dorpie of landelike gemeenskap mag dalk net een Vlak van regering nodig he. 'n Groot metropolitaanse gemeenskap, mag so veel as tien vlakke benodig.

## **Grootte van Wyke**

Die opstel van 'n VV-sisteem met wyke wat 200 of meer burgers sal bevat, sal verskillende grade van effektiwiteit tot gevolg he, maar sommige burgers sal vind dat hulle geografies redelik ver woon van hulle wykverteenvoerders. Kleiner wyke sal meer gekondenseerde gemeenskappe kan skep, maar die koste van vergaderings en om verkiesings te hou, sal vermeerder. Dan is daar ook die probleem van te veel wyksverteenvoerders, wat die vrywilliger sektor sal verarm van bevoegde persone. Elke jurisdiksie moet hulle eie balans vind.

## **Verantwoordelikhede van elke Vlak**

Die verantwoordelikhede van elke vlak sal ontwikkel binne elke jurisdiksie. As voorbeeld: Sommige stede mag dalk straatreparasiebesluite aan wyke oorlaat; ander stede mag dalk 'n meer gesentraliseerde beheer uitoefen. Elke jurisdiksie sal sy eie verantwoordelikhede, outoriteite, en begrotings vir hulle vlakke skep.

## **Vergoeding aan Verteenvoerders**

Ek glo dat die laagste vlak, die wykverteenvoerder, 'n vrywilligersposisie moet wees, en

dus geen vergoeding moet ontvang nie. Die distriksverteenvoordiger mag 'n klein vergoeding ontvang.

Op hoër vlakke, begin die verantwoordelikhede en tydsverbintnisse vir verteenwoordigers vergroot. Hierdie mense behoort 'n redelike vergoeding te kan verwag vanaf hulle gemeenskappe vir hulle tyd en opoffering.

## **Veelvuldige posisies en kwalifikasievereistes**

Elke VV sal moet besluit of burgers verteenwoordigersposisies op twee of meer vlakke kan behou. Sommige jurisdiksies mag beter beheer word as 'n burger verkieslik bedank uit 'n laer verteenwoordigersposisie om 'n hoër posisie te aanvaar.

Wyl kwalifisering vir die posisie van wyksverteenvoordiger gebaseer behoort te word op fisiese residensie in daardie wyk, mag 'n VV-sisteen dalk eerder spesifikasies vir distriksverteenvoordigers en ander hoër vlak verteenwoordigers neerlê. Vir kwalifisering van die posisie van distriksverteenvoordiger, kan een voorbeeld van 'n kwalifikasielys, byvoorbeeld die name bevat van die huidige wyksverteenvoordigers, huidige distrikverteenvoordigers en gewese wyks- en distriksverteenvoordigers van die afgelope drie jaar. Met so 'n lys, kan kiesers (die wyksverteenvoordigers), hulle stembesluite fokus op daardie burgers wat tans dien, en wat onlangs lokaal gedien het in die VV.

## **Veelvuldige verteenwoordigers in elke Verkiesingsdistrik**

Daar mag sekere voordele geput word uit die skepping van verkiesingseenhede waar meer as een persoon verkies word. Deur twee of meer persone te verkies as wyksverteenvoordigers of op hoër vlak, word die kompetisie vir 'eerste' en 'tweede' plek (waar eerste plek alles ontvang en tweede plek niks ontvang nie), uitgeskakel. 'n Wyk kan byvoorbeeld drie wyksverteenvoordigers verkies. In 'n 'drie-posisie'-verkiesing, sou die persoon wat die eerste posisie 'wen', nie in die versoeking gewees het om homself/haarself te 'bevorder/adverteer' nie, aangesien hy/sy verkies was juis omdat hy/sy hoogs gerespekteer was. Dus sal so 'n persoon die toon set vir 'geen promosie/advertensie' van kandidate nie, en as ander kandidate dit sou probeer, sou dit met negatiewiteit begroet word deur die elektooraat. As daar enige kompetisie sou wees, sou dit voorkom tussen die derde en vierde plekke, en sou die 'kompetisie' idee en konsekwente versoeking om self toe promoveer.... dus afskuif na 'n onbelangrike vlak, in plaas daarvan as dit 'n een wyksverteenvoordiger eleksie sou wees, wat dus die versoeking om self te promoveer en

te adverteer sou verhoog.

'n Voorbeeld van 'n multiverteenwoordiging op hoër vlak is die illustrasie op bladsy 33. Terwyl die wyk- en distriksvlakke in hierdie hipotetiese VV-verkiesing slegs een verteenwoordiger verkies, het dit besluit om veelvuldige verteenwoordigers op hoër vlak aan te stel. Op die kwadrant vlak, het die ongeveer twintig distriksverteenwoordigers onder elke kwadrant vier kwadrantverteenwoordigers verkies in plaas van die een standaard verteenwoordiger. So 'n verkiesing word dan 'n kompetisie slegs tussen die vierde en vyfde plek. Op die hoogste vlak, verkies die twintig kwadrantverteenwoordigers, sewe lede, wat dan die kompetisie vir posisie plaas tussen die sewende en agtste plek.

'n Effense verskillende opset van die bogenoemde voorbeeld, verseker dat elk van die vyf kwadrante verteenwoordig is op die hoogste vlak. Elke kwadrantverteenwoordiger met die hoogste aantal stemme word na die top Vlak gestuur - vir 'n totaal van vyf verteenwoordigers. Die ander twee verteenwoordigers sal twee kwadrantverteenwoordigers wees wat nie die hoogste stemtotaal ontvang het in hulle kwadrant nie, maar wat die meeste stemme gehad het vanaf die oorblewende kwadrantverteenwoordigers.

Veelvuldige verteenwoordigers in een of meer verkiesingslae behoort die aantal lae wat benodig word te verminder. Hierdie opsie behoort ernstig oorweeg te word.

## **Oordraagbare Stembrief**

Die standaardweergawe van die VV is 'n pluraliteitsverkiesing: die persoon met die meeste stemme ontvang die posisie. In baie VV-verkiesings, is dit waarskynlik dat stemme sal verdeel tussen 'n hele paar kandidate, wat beteken dat die top kandidaat nie minstens 50% van die totale stemme ontvang het nie... (dit is die vlak wat baie maal as demokraties wettig beskou word). Byvoorbeeld, 'n VV-verkiesing met 'n 100-persoon wyk het die volgende resultate gelewer: A-33 stemme, B-32 stemme, C-31 stemme, en D-4 stemme. Met 'n pluraliteitstem, sou burger A die wyksverteenwoordiger word. Maar dit kan aangevoer word dat burger A nie 'n meerderheidstem het nie, aangesien 67 stemme deur ander kandidate opgeneem is.

'n Oordraagbare stem, sal meer sin maak om demokratiese wettigheid te bevorder. As 'n



VV in hierdie rigting gaan, mag die stembrief voorsiening maak vir 'n eerste en 'n tweede keuse van kandidate. In die eerste rondte, word slegs die eerste keuse getel. In die tweede rondte, sou die kandidate met die minste stemme uitgeval het. Daardie stembriefies, sal dan her-inspekteer word, en die naam wat as tweede keuse op hulle gemerk was, sal dan getel word. Miskien sou die vier stemme vir kandidaat D, nou na kandidaat B toe gaan (wat tweede keuse op hulle was), wat kandidaat B dan 36 stemme sou gee. Selfs al is 36 stemme nog steeds nie 50% nie, wys hierdie tweede keuse, dat kandidaat B 'n groter demokratiese aanhang het as kandidaat A.

As 'n VV besluit om in oordraagbare stembrief te gebruik, sal dit sy eie reëls ontwerp omtrent:

1. Hoeveel name op die stembrief verskyn
2. Wat die afsnypunt sal wees om in aanmerking te kom vir die tweede rondte, en
3. Hoeveel rondtes gedoen sal word na die eerste rondte.

Hierdie oordraagbare stembriefopsie moet met sorg ontwerp word, sodat dit nie drama veroorsaak by die jaarlikse verkiesings (wat dalk kan lei tot 'promosie/advertensie van kandidate en 'deal making'), of die verkiesing te gekompliseerd maak nie. Die bereiking van 'n 50% legitimiteit kan probleme veroorsaak wat 'n plurale sisteem nie sal he nie.

'n Ander voordeel van die oordraagbare stembrief, is dat strategiese stemming nie 'n faktor is in die elektorale besluit nie. In die voorbeeld van kandidaat D, het hy net vier stemme ontvang. Hy kon dalk meer ontvang het, maar sommige kiesers het gevoel dat die moontlikheid dat hy verkies sou word klein is. So eerder as om hulle stem 'weg te gooi', het hulle eerder vir kandidate A, B of C gestem, wat eintlik hulle tweede keuse was. Deur nie vir kandidaat D te stem nie, het hierdie kiesers seker gemaak dat hulle stemme eerder gegaan het aan 'n meer populere kandidaat. Met 'n oordraagbare stembrief, kon hulle tog vir kandidaat D gestem het, sonder vrees oor kandidaat D se kans om verkies te word. As D nie oorbeweeg na die tweede rondte toe nie, sou die oordraagbare stembrief inelkgeval die tweede keuse laat geld. Op hierdie manier vind die gemeenskap uit wat die ware gereedheid is van kandidaat D om wyksvertegenwoordiger te word.

## **Verhouding tussen Munisipale, Provinsiale (of Staats), en Federale Regerings**

Huidige vorme van westerse demokrasie, het duidelike onderskeid tussen hierdie drie vlakke van regering. Die VV kan hierdie sisteem dupliseer, wat beteken dat elke wyk, drie verteenwoordigers sou kies, een vir elke vlak van regering.

Of die drie lae van die huidige regering kan as "Vlakke" beskou word. Die federale laag, sou die hoogste vlak wees, die provinsiale (of staat), die tweedehoogste vlak, en die munisipale laag, die derdehoogste vlak. Die laagste vlak sou dus dan die munisipale vlak wees.

Die vroeë stadiums van die bou van die VV, hoef nie hierdie besluit te neem nie. Hierdie rigting sal meer sin begin maak soos wat die VV ontwikkel.

## **DIE VV KONSTITUSIES**

Hoofstuk ses beskryf 'n proses vir die VV om te ontwikkel in 'n nuwe regeringstelsel. Deel van hierdie proses is vir elke wyk om sy eie VV-konstitusie te skryf. Wanneer buur VV's saamsmelt, dan word daar 'n nuwe VV-konstitusie geskryf vir die gekombineerde wyk. Daar word verwag dat sommige wyke en kombinasies van wyke met hierdie opsies sal eksperimenteer - asook met opsies wat nie hier beskryf is nie. Elke keer as 'n wyk of 'n kombinasie van wyke iets nuuts uitprobeer, sal dit 'n goeie les wees vir die res van die VV - ongeag of die eksperiment gewerk het of nie.

## **WIGTE EN TEENWIGTE**

Die VV het ook heelwat 'wigte en teenwigte'. Soos wat ek hulle noem, hoop ek hulle sal verdere insig voorsien oor hoe 'n VV werk.

## **Die Jaarlikse Verkiesings**

Die VV werk met jaarlikse verkiesings. Die rede vir die korter termyn van die VV, is sodat as 'n verkose beampte, op enige vlak, nie meer hulle pos goed kan vervul nie (byvoorbeeld as gevolg van siekte, of korrupsie), dat so 'n persoon vervang kan word binne een jaar. Daar is geen nodigheid vir enige politiese skelmstreke, of verdagmakingsproses (impeachment), of nodigheid om oneffektiewe verteenwoordiging te laat aangaan vir jare nie. Die persoon word effektief vervang, sonder enige fanfare. Die VV gaan aan met sy

agenda en vervul sy doelwitte, wetende dat oneffektiewe verteenwoordigers nie lank sal aanbly nie.

## **Die Indirekte Verkiesings**

In 'n VV, sal meeste burgers slegs stem vir hulle wyksverteenwoordigers. Hulle sal nie stem vir mense wat op hoër vlakke aangestel word nie. Hierdie eienskap verseker 'n beter perspektief en oordeel vir bevordering in die VV. Deur saam diens te doen, is die verkose amptenare in 'n baie beter posisie as die algemene publiek om hulle portuurgroepe se aksies en eienskappe wat meriete verdien raak te sien, en wat dan hulle bevordering in die VV-sisteem sal verseker. Hulle sal eerstehandse ondervinding met woorde, dade, mensevaardighede, intellek, wysheid en verbintenis om die gemeenskappe van ander verkose lede op dieselfde vlak te dien, ervaar. In wese, elke vlak is 'n goeie regter van wie, onderling na die volgende hoogste vlak bevorder behoort te word.

Met elke vlak, (wanneer daar redelike wyse besluite geneem word oor wie bevorder moet word), sal die VV-stelsel die meer bekwame en betroubare burgers bevorder tot die topposisies, deur hierdie indirekte verkiesingsproses.

## **Meer Burgerbetrokkenheid**

In daardie 100,000-persoon stad wat ek vroeër as voorbeeld voorgehou het van 'n VV, sou omtrent 630 burgers 'n amptelike verkose posisie hou. In teenstelling hiermee, sou 'n soortgelyke stad in Kanada (met sy westerse demokratiese struktuur) minder as 20 verteenwoordigers op munisipale, provinsiale en federale vlakke he.

Met die VV, sal baie meer burgers oor 'n sekere tydperk in hulle lewens, in beheer aangestel word. Hulle diens, of dit kort of lank is, of dit in die onderste of hoër vlakke is, sal hulle 'n gevoel van vervulling in hul lewens gee, want hulle het 'n belangrike rol gespeel om die wêreld 'n beter plek te maak. In wese skep die VV 'n meer tevrede burgerlikheid wat uiteindelik die doel moet wees van bestuur.

Ook van belang, is dat hierdie burgers 'n groter waardering sal he vir die kompleksiteit van regering. Nie alleen sal hulle, wanneer hulle nie meer dien nie, meer respek en empatie he met die burgers wat posisies het in die VV, en daaglikse oplossings moet vind vir probleme

wat gemeenskappe mag ondervind nie, maar hulle sal uit eiehandse ondervinding die voordele van so 'n sisteem met oortuiging aan ander kan oordra. Hulle kan ook hulle VV-ondervinding gebruik om hulle eie gemeenskappe te versterk, sonder om 'n formele posisie te beklee.

Net soos die westerse demokratiese model baie deure oopgemaak het vir burgers wat nie in die aristokrasie in 'gebore' was (wat grotendeels regeringsampe gebruik het om aan hulle sosiale druk 'n gesonde uitlating te gee deur iets konstruktiefs vir hulle gemeenskappe te doen, en hulle gewetens so te sus nie), gaan die VV meer mense gebruik wie se kennis, ondervinding en wysheid 'n groot bate sal wees in bestuur.

## **'n Adviesraad**

Die VV behoort adviseurs aan te stel. Hierdie adviseurs behoort aansienlike ondervinding te hê oor die werking van die VV-sisteem. Wanneer hulle aangestel word, mag hulle egter nie langer as verteenwoordiger op enige vlak in die VV werksaam wees nie, en kan hulle nie meer 'n direkte deel van die besluitnemingsproses wees nie.

In plaas daarvan, sal adviseurs grotendeels hulleself bemoei met die proses om beter bestuur te bevorder. Hulle sal met die verkose instellings beradings hou en hulle met nuwe ondervinding en insig toerus. Die adviseurs sal met verskeie verkose instellings saamwerk, en hierdie ondervinding sal tot gevolg hê dat die VV-sisteem vanuit verskeie oogpunte bestudeer kan word, en sal deel uitmaak van die adviseur se arsenaal.

In wese, hierdie 'wigte en teenwigte' van die VV is 'n positiewe krag eerder as 'n negatiewe of onderdrukkende beperking, en neem die plek in van opposisie politikusse en die media wat deur die westerse demokratiese model onderskryf word.

Ek sal die adviseursrol meer deeglik in Hoofstuk 5 beskryf.

## **ANTWOORDE AAN DIE KRITICI**

Ek gaan 'n paar konstruktiewe punte vir kritiek op die VV antisipeer, en hopelik sal hierdie antwoorde ook verder insig oor die VV verskaf.

## **Burgers kan nie stem vir die Leiers van die Gemeenskap nie**

Burgers in die westerse demokratiese model, het direkte stemreg om vir sekere individue in alle vlakke van regering te stem. Omdat hierdie burgers in baie opsigte min of geen direkte geleentheid het om hierdie kandidate werklik te ken nie, moet hulle op die media en partypropaganda staatmaak om hulle stemkeuses te maak. (Ek het die aspek van westerse demokrasie in meer detail in 'n vorige hoofstuk bespreek.)

In plaas daarvan om 'n slegte besluit te neem, gebaseer op foutiewe inligting, dra die VV-burger, verantwoordelikheid oor aan verkose lede op burgervlak om die volgende vlak se verteenwoordigers te kies. Hierdie verteenwoordigers, deur saam te werk op 'n gereelde basis, is in 'n baie beter posisie om beter keuses te maak vir die volgende vlak van beheer, as die kollektiewe burgerskap met beperkte en besoedelde inligting aan hulle opgedis deur moderne verkiesingsveldtogte.

Ek moet toegee dat 'n beduidende en baie luide minderheidsgroep van burgers nie met my sal saamstem oor hierdie laaste twee paragrawe nie, en daar is nie groot hoop dat ek hulle sal kan oortuig nie. Maar, as ons daardie burgers wat nie die moeite doen om te stem nie (soms tot 50% van die populasie), en die burgers wat die verkiesingsproses sien as die mindere van twee slegte opsies, (heelwaarskynlik ongeveer 50% van die wat wel stem), dan sal ons heelwaarskynlik vind dat as hulle wel die opsie gegee word, hulle eerder vir iemand sou stem in hulle wyke wie hulle redelik goed ken, en hierdie burger eerder die kans sou wou gee, om met probleme van bestuur te deel...insluitende die besluit oor wie op die volgende vlak van bestuur behoort.

Ek glo dat die meerderheid van landsburgers net so tevrede sal wees om in 'n VV-stelsel te stem, as om direk te stem vir politieke leiers. Sommige sal selfs meer tevrede wees, wetende dat hulle kon stem vir iemand wie hulle ken en vertrou...en sou die vertrouwe oordra na die persoon van hulle keuse, om namens hulle, die volgende vlak se kandidate te verkies.

## **REGERINGS HET 'N AMPSTERMYN NODIG**

Westerse demokratiese gemeenskappe het tot die geloof gekom dat regerings 'n twee tot sewe jaar ampstermyn nodig het om 'groot dinge' te kan bereik terwyl hulle in diens is. Hierdie termyn is veral belangrik om baie nodige, maar meestal baie onpopulere hervormings te doen, wat hulle tradisioneel in die begin van hulle termyn aanpak, want

hulle besef as hulle dit eerste doen, daar 'n kans sal wees dat hulle herverkies sal word teen die einde van die termyn. Die een jaar termyn van die VV-sisteem druis daarteen in.

Alhoewel die VV-sisteem elke jaar verkiesings hou, sal die meeste van die huidige ampsdraers herverkies word indien hulle hulleself bewys het om effektiewe verteenwoordigers te wees. Om hierdie rede veroorsaak die VV nie 'n massiewe breuk in personeel, rigting of momentum (wat gemeenskappe sien wanneer een politieke party 'n ander vervang in die regerings opset) nie. As vorige VV-besluite goeie redes gehad het, of daar is nog sekere bekommernisse wat monitering noodsaak, dan sal dit nie opsy geskuif word net omdat nuwe mense wat nie deel was van die oorspronklike besluite, nou in beheer is nie. Dus verskaf die herverkose ampsdraers van die VV daardie langtermynvoortsettings idee wat multi-generasie oplossings aan 'n gemeenskap kan bied.

Met elke verkiesing, sal daar 'n aantal nuwe verteenwoordigers verkies word, en sal nuwe kennis, ervaring en wysheid na die proses van bestuur bring. Vorige ampsdraers wat groot ondervinding opgedoen het in die VV, kan aangestel word in komitees soos die siviele dienste, waar hulle expertise 'n aanwinst sal wees, of die taakmagte om te deel met spesifieke kwessies. Hulle mag dalk selfs die spesiale adviseurs tot die proses van bestuur word soos wat in Hoofstuk 5 beskryf sal word.

## **Bure is eintlik Vreemdelinge**

In baie van vandag se buurte (wyke), ken bure nie eintlik mekaar nie. So 'n kritikus van die VV, mag tereg kla dat bure nie intelligente keuses kan maak oor wie regtig die beste voorbeelde van uitstaande karakter en kapasiteit vir bestuur vertoon nie. Tensy bure tyd met mekaar spandeer, mag die VV dalk nie vreeslik effektief wees nie.

Sulke buurte, is nog nie gemeenskappe nie. Maar kom ons kyk hoe die VV-stelsel hierdie dinamiek kan verander.

Die verkiesing van hulle wyksverteenvoerder, gaan 'n algemene gebeurtenis word vir die bure. As 'n burger sy/haar demokratiese diens wil doen, en die rit afle na die stembus toe, sal hy/sy nie die koue formele atmosfeer daar vind soos wat in die westerse model gevind word, wat so opgestel is om kiesers so gou moontlik deur die proses te laat gaan nie. In plaas daarvan, sal die persoon heelwaarskynlik gegroet word deur iemand wie hulle alreeds ken. Daar sal gesels word, selfs verversings aangebied word met so 'n bietjie lokale vermaak, alles om by te dra tot die feestelike aangeleentheid om 'n wyksverteenvoerder te kies! Die verkiesing moet so beplan word, dat bure baie

gemaklik in mekaar se teenwoordigheid sal voel, en geen probleem sal he om so 'n paar ure aan te bly en die verrigtinge te geniet nie. Om eenmaal per jaar te stem, kan eintlik 'n baie aangename ondervinding wees!

En as hierdie verkiesings jaarliks gaan plaasvind, gaan mense mekaar vroeër of later begin leer ken!

'n Goeie wyksverteenvoordiger behoort tenminste twee stadsraadvergaderings te hou om items van bestuur met die wyk te bespreek - miskien selfs 'n paar vergaderings, almal met verskillende besprekingspunte. Net soos die verkiesing, sal bure wat hierdie vergaderings bywoon, mekaar begin leer ken en vriendskappe en verhoudings sal ontwikkel. Informele ondersteuningsnetwerke sal begin vorm wat nooit sou gebeur met die westerse demokraties model nie.

En kom ons kyk na die betekenis van die klein elektorale distrikte van die VV. Kiesers wat na 'n VV-verkiesing kom, weet dat dit baie moontlik sal wees dat hulle die persoon wat verkies word persoonlik sal ken. As hulle nie die verkose kandidaat ken nie, sal hulle net 'n paar vergaderings in die stadsaal moet bywoon om meer wys te word. As die kiesers aktief was met die bedrywighede van die gemeenskap, kan hulle self dalk verkies word as wyksverteenvoordigers.